## 18 Julie - LOSSER

**Skrifgedeelte: Rut 4:1-13**
**Fokusgedeelte: Rut 4:9, 10**

Ons almal wens een of ander tyd dat ons weet wat God vir ons beplan. Partykeer is ons onseker oor ons toekoms; oor wat môre vir ons inhou. Dan wonder ons of dinge nie makliker sou gewees het as ons maar net geweet het nie.

Kyk na Rut. Ons lees haar geskiedenis deur die hele boek Rut: hoe sy saam met Naomi teruggekeer het, hoe sy vir Naomi ondersteun het, en die geskiedenis oor hoe sy vir Boas ontmoet het.

Dit alles lei tot die punt wat ons in die vierde hoofstuk aantref. In die Israelietiese samelewing het ons die begrip losser gevind. Dit was iemand wat moes intree vir 'n familielid om die familielid te beskerm of te bewaar. In die geval van Naomi was dit om haar man se naam behoue te laat bly. (Gaan lees gerus in die woordelys agter in die Bybel meer daaroor.)

Ons sien hier egter dat Boas na die stadspoort toe gegaan het met 'n ander doel. Hy wou die losser wees, hy wou met Rut trou en vir hulle instaan, maar die regte prosedures moes gevolg word. Na hierdie prosedures gevolg is, is Boas as regmatige losser aangestel en het hy ook vir Rut as vrou gekry.

Ons mag dalk partykeer moedeloos word met ons omstandighede, maar ons kan berus in God se wil. Hy het Rut en Naomi verlos uit hulle omstandighede. Hy het vir Rut gebruik in sy raadsplan – só dat Jesus uit Rut se nageslag gebore is. Ons Verlosser, ons Koning, is gebore uit die nageslag van 'n vrou wat ook gedink het daar is nie meer hoop nie.

Ons kan berus in God se wil en saam met Job jubelend bely: "Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!" (Job 19:25)

*Sing Psalm 130:1 en 2 (1936-beryming)* *Teol. Student Lohan Linde*